
# DIE SWART LUIPERD

No 62
Leeuspore tussen die Lyke



MEIRING FOUCHE


Daar op die smal rotslys teen die loodregte krans hoor die inboorlingkryger 'n vreemde geluid. Hy gee net een kyk, tree dan verskrik agteruit. . .en verdwyn skreeuend oor die duiselingwekkende afgrond. . .

Magteloos staan die twee blankes daar in die aaneengeslote kring barbare wat steeds nouer trek, en om die vuur dans die toordokter in sy skrikwekkende tooisels soos 'n besetene. . .

Dit is maar net twee van die rillende insidente uit hierdie nuwe verhaal van die avonture van die Swart Luiperd in die oerwoude van Afrika waar tans soveel onheil aan die broei is.

Stofomslag: Willie du Plooy

6 000256 000063



# HOOFSTUK 1

Oor die gelyk grasvlakte op 'n groot plato van Tanzanie loop die swart hings op 'n gemaklike stryk. Dit is altyd asof hy lekkerder stap wanneer hy sy rug op die groen oerwoude gedraai het en die wye oop grasvlaktes bereik.

Maar meteens bring die ruiter die hings vinnig en met 'n ruk tot stilstand. Met sy wakker oe het hy iets gewaar.

Hy sit baie rustig in die saal maar niks ontgaan sy aandag nie. Partykeer lyk dit asof hy droom, maar deurentyd hou hy sy omgewing dop en kyk hy of die natuur nie iets besonders aan hom openbaar nie. In 'n groot soetdoringboom regs van hom gewaar hy iets wat eienaardig voorkom. Met die eerste oogopslag het dit gelyk na 'n familievoelnes. Maar nou weet hy dat dit nie die nes van familievoels is nie. Daardie voorwerp het geroer.

Toe lyk dit vir hom weer soos 'n swart luiperd wat hoog in die takke van die boom rus. Nee, tog seker nie dit nie. Daardie aristokraat van die oerwoude kry 'n mens nie in hierdie dele nie. Geen swart luiperd sal hom verneder om die wye grasvlaktes oor te steek en hier hoog in 'n soetdoring te kom rus nie. Die swart luiperd is 'n inwoner van die diepste oerwoud. Daar is hy koning.

Nou wat kan dit dan wees, wonder die reisiger. Hy maak sy helder oe nou en hy tuur aandagtig in die rigting van die boom.

Toe steek 'n nuwe indruk deur hom. Daardie voorwerp het weer geroer. Nou lyk dit soos 'n mens. 'n Swarte miskien. Maar wat sou 'n swarte op hierdie groot vlakte so ver van alles af hoog in 'n soetdoring soek? Dalk 'n vlugteling. Dalk 'n misdadiger wat aan sy agtervolgers probeer ontkom? Of kan dit miskien 'n jagter wees wat deur sy prooi in die boom opgedryf is?

Die ruiter besluiit om ondersoek te gaan instel. Hy laat nooit 'n raaisel onopgelos nie. Versigtigheidshalwe haal hy die lang boog van sy skouers af en hy trek 'n pyl uit die koker. Die twee mak jagluiperds wat 'n entjie van hom af beweeg, roep hy nader.

Hy is deesdae nog versigtiger as in die verlede. Hierdie wilde dele van Afrika het verander. Hulle is nie meer wat hulle was nie. Oor groot dele is daar moord en doodslag en onder sekere inboorlingstamme is daar 'n nuwe begrip.

Hierdie is wel 'n baie verlate deel van Tanzanie. Hier is die swartes nog redelik primitief maar wie weet, dalk is hulle ook reeds teen die blanke opgestook. Daarom besluit die ruiter om geen risiko's te loop nie. Hy wil nie in 'n man gaan vasry wat moontlik met 'n geweer bewapen is nie. Dit het hom al oorgekom en hy het op 'n nerf na met sy lewe daarvan afgekom.

Hy ry op 'n maklike draffie nader en toe hy 'n entjie gevorder het, word dit vir hom heeltemal duidelik dat dit wel 'n mens is wat in daardie boom skuil. Nog 'n bietjie nader, toe sien hy dat dit wel 'n swarte is. Hy sit nou bewegingloos hoog in die takke.

Die ruiter met sy ruie gitswart baard wat lank uitgegroei het op sy omswerwinge deur die oerwoud, wonder 'n oomblik of hy sy tiermasker moet aansit. Maar hy besluit dat dit nie nodig is nie. Dit is maar net hy teen een swarte. Hy sal darem seker sy man kan staan. Hy kyk aandagtig maar hy gewaar geen vuurwapen nie. Dit is net die skepsel wat daar hoog op 'n dwarstak sit.

Die man wat hier ry kan met die meeste swartes van Sentraal-Afrika praat want hy is die Swart Luiperd, die groot, kragtige, Suid-Afrikaanse avonturier wat reeds 'n legende geword het in die oerwoude van Afrika, nie net onder die swartes nie maar ook onder die blankes. Hy ken die meeste dialekte van die swartes. Daarom roep hy nou 'n groet teenoor die swarte daar bo in die soetdoring.

,,Vrede vir jou, donker man,'' roep hy uit. ,,Waarom sit jy dan hoog in 'n boom? Is daar iets wat ek kan doen om jou te help?''

Die Swart Luiperd luister maar daar kom geen antwoord nie. Die skepsel bly net roerloos op sy dwarstak sit. Daarom ry hy nog nader. Hy hou sy oe oop want hy wil nie verras word nie. Hy kyk aandagtig om te sien of daar nie dalk 'n wapen iewers versteek is nie maar toe hy naderkom, sien hy daar geen tekens van nie. Die swarte is feitlik naak en sy hande is leeg.

En toe die Swart Luiperd na 'n ruk onder die boom stilhou, kyk hy verwonderd na die swarte bo in die soetdoring. Die skepsel is heeltemal abnormaal. Hy het skoon die bewerasie. Dit lyk asof hy enige oomblik die stuiptrekkings gaan kry. Hy tel sy regterhand op om sy lippe af te vee en die Swart Luiperd sien sy hand skud soos dit bewe. Sy oe is groot, wit en star. Die sweetdruppels sit op sy slape en op sy voorkop. Hy kyk verwilderd om hom heen, so





asof hy 'n monster op die vlakte soek. Dan klapper sy tande opmekaar en hou hy styf aan die stam vas.

,,Wat het jou laat skrik?'' vra die Swart Luiperd. ,,Het 'n olifant of 'n renoster jou gejaag?''

Die Swarte skud sy kop heftig. Dan kyk hy weer verskrik rond. Dit lyk asof hy op die vlakte na iets soek.

,,Nou wat het jou laat skrik, man?'' vra die Swart Luiperd. Die woord kom bibberend uit die mond van die inboorling. Dit is net een woord: ,,Leeu.''

Die Swart Luiperd lag. ,,Maar skrik jy dan so groot vir 'n. . .''

Sy lag breek onmiddellik af en hy voltooi die sin nie. Die swarte het aan die huil gegaan. Hy druk sy gesig teen die skurwe stam van die soetdoring en die Swart Luiperd besef dat dit geen gewone situasie is nie. Hy weet nou dat hy nie die spot mag dryf met hierdie skepsel nie. Daarvoor is sy vrees te intens. Daarvoor is sy senuwees te erg geruïneer. Met hom moes iets aakligs en vreesliks gebeur het. Hy kon nie net vir 'n leeu geskrik het nie. Dit weet die Swart Luiperd nou. Die swartes van hierdie streke is gewoond aan leeus. Hulle ken die koning van die oerwoud en weet hoe om met hom te werk. Maar die ondervinding wat hierdie skepsel gehad het, is blykbaar baie erger as die gewone. Instinktief kyk die Swart Luiperd af op die grond. Hy soek na spore. Maar hy gewaar geen leeuspore nie. Buitendien, as 'n leeu hier naby was, sou hy dit gemerk het aan die gedrag van sy twee mak jagluiperds. As daar 'n ruik is wat hulle onmiddellik opgewonde maak, dan is dit die reuk van 'n leeu, want hulle ken sy krag, sy sluheid en die gevaar wat hy bied. Maar Spikkels en Simson sit ewe op hul gemak 'n entjie van die boom af. Hulle is heeltemal rustig.

Daarom weet die Luiperdman dat 'n leeu nie die inboorling in hierdie boom ingedryf het nie. Hy moes hierheen gevlug het.

,,Waar is die leeu?'' vra die Swart Luiperd.

Die swarte maak sy oë verskrik oop en vir 'n oomblik lyk dit asof hy die man onder die boom nou die eerste maal raaksien. Hy ruk agteroor en hy tuimel byna van die tak af. Sy oë is nou wydgesper.

,,Waar is die leeu?'' vra die Swart Luiperd 'n bietjie ongeduldig. ,,Het hy jou gejaag?''

Weer word die swart kop geskud en toe beduie hy met 'n bewende hand na die ooste. Die Swart Luiperd kan dit glad nie kleinkry nie. Klaarblyklik is hierdie swarte stomgeslaan deur vrees vir 'n leeu. Dit is buitengewoon. Hy het nog nooit 'n swarte in hierdie dele raakgeloop wat so heeltemal verlam is deur vrees vir 'n leeu nie.

„Wil jy my die leeu gaan wys?" vra die Luiperdman.

Weer word die kop heftig geskud en weer word daar na die oostekant toe beduie.

„Wat het gebeur, man?" vra die Luiperdman. „Wat het jou so laat skrik?"

Die skepsel se tande klapper weer opmekaar en hy bly wesenloos daar sit.

„Kom, klim op my perd," sê die Swart Luiperd. „Dan gaan wys jy my wat gebeur het. Jy hoef nie bang te wees nie. Hier is my pyl-en-boog. Daar is my twee mak luiperds."

Die inboorling sit 'n hele ruk stil. Dan kyk hy na die Luiperdman, dan na die ooste weg. Sy gesig blink van die sweet.

„Jy hoef nie bang te wees nie," herhaal die Luiperdman weer. „Ek ken die leeu. Hy sal nie by jou kom nie."

Uiteindelik, na 'n lang gesukkel klouter die swarte versigtig uit die soetdoring na onder. Die Swart Luiperd trek vir Donker, sy hings, reg onder die boom in sodat die swarte direk uit die boom op Donker se rug kan klim. Hy maak snaakse huilgeluidjies toe hy op die bree rug van die hings gaan sit.

„Moet ek só ry?" vra die Swart Luiperd en beduie ooswaarts.

„Ja, bwana." Dit is omtrent die eerste woorde wat die swarte normaal uitgespreek kry.

Die Luiperdman is nou hoogs nuuskierig. Hy is seker dat hierdie swarte 'n buitengewone ondervinding gehad het. Hy is daar oortuig van dat daar op die stil vlaktes van Tanzanie 'n eienaardige drama moes plaasgevind het. Daarom trek hy vir Donker op 'n vinnige galop reguit na die ooste.

Hy voel die swarte se hande op sy skouers bewe. Dit is vir hom 'n weerspieeling van die skepsel se angs. So in die ry probeer hy meer uit die swarte trek maar hy slaag nie daarin nie. Die skepsel is skielik geslote. Die Swart Luiperd kry die indruk dat die





swarte hom verbeel dat hy met iets bonatuurliks te doen het. Daarom swyg hy so.

Hulle trek teen 'n skotige opdraend uit en die Swart Luiperd verwonder hom aan die prag van die natuur. Oneindige grasvlaktes onderbreek deur kolle bome. Vlaktes wat wegstrek totdat hulle later in die purper afstand vervaag. Groot valleie wat dig begroei is. Kleinerige rante wat die panorama opbreek. Pragtige ronde rotskoppe. Die Luiperdman voel 'n warmte om sy hart want hierdie is die soort natuurtonele wat hom nog altyd besiel. Net jammer dat hierdie tonele nie altyd ongerep is nie. Dikwels word hier sulke bloedige dramas afgespeel en diep in sy gemoed kan hy aanvoel dat so 'n drama hom nou weer hier iewers moes afgespeel het.

Hulle kom op 'n kleinerige plato uit en toe die Swart Luiperd dit oorsteek, bevind hy hom op die kant van 'n wye, vlak vallei. Dit is dig begroei met 'n groot verskeidenheid bome.

Maar hierdie keer verwonder hy hom nie aan die natuurskoon wat so skielik voor hom verskyn het nie. Hy aanskou 'n verskynsel wat selfs hy met sy wye ondervinding en met sy baie reise deur Afrika, nog nooit aanskou het nie.

Toe hy dit sien, word hy kortasem en hy voel 'n koue prikkeling dwarsdeur sy liggaam. Wanneer hy so iets aanskou, voel dit vir hom altyd asof sy nekhare orent wil staan.

Wat hy sien, is manjifiek hoewel dit terselfdertyd so aaklig is.

Daar in die vallei dwarrel die aasvoels soos 'n donker wolk. So iets het hy nog nooit beleef nie. Op hierdie vlaktes en in die oerwoude het hy al groot troppe aasvoels bymekaar gesien, maar nog nooit het hy 'n skouspel soos hierdie aanskou nie. Dit lyk asof die roofvoels teen mekaar vasvlieg. Hulle sit pikswart in die bome. Party draai laag oor die vallei en dit is so 'n aaneengeslote menigte dat 'n swart skaduwee oor die bome skuif. Van tyd tot tyd vlieg swart bondels van die grond af op. Blykbaar klaar versadig. Dan skiet van die andere omlaag om deel te neem aan die fees.

Die Swart Luiperd kyk om na die swarte en hy sien dat die skepsel se oe bot toe is. Hy het nou weer skoon die bewerasie. Hy praat maar geen woorde kom oor sy lippe nie.

Selfs die twee luiperds moes die toneel gesien het want hulle het vinnig omgesit en nou is hulle hier by Donker se voorbene.

Selfs die hings is onrustig want aasvoëls maak altyd 'n ander dier onrustig.

'n Hele ruk kyk die Swart Luiperd sprakeloos na die fantastiese verskynsel. Toe druk hy vir Donker met die hakke en hulle sak in die vallei af. Hy voel hoedat die swarte sy skouers vasgryp. Hy voel 'n deernis teenoor die skepsel want hy kan besef wat so 'n angs moet beteken. Dit moes oorweldigend wees.

Die streek is hier verlate. Altans, so lyk dit met die eerste oogopslag. Maar die Swart Luiperd het nog skaars in die vallei afgesak, toe besef hy dat die streek nie so verlate is as wat hy gemeen het nie.

In die bome sien hy mense sit. Inboorlinge. En met die eerste oogopslag sien hy dat hulle feitlik sonder uitsondering ou mans en vroue is of jong vroue en kinders. Hy gewaar nie 'n enkele volwasse man in die bome nie. En toe hy nader ry, sien hy dat hulle in dieselfde toestand van beklemmende angs is as die inboorling op Donker se kruis. Hulle tuur met groot oë na hom en hulle klou mekaar krampagtig vas asof hulle vrees dat 'n ondier homself sal opraap en hulle in die bome sal bereik.

Die Swart Luiperd kyk nog so toe word hy bewus van beweging agter hom. Die swarte het afgespring van Donker se kruis af. Hy loop so al wat hy kan na die naaste boom en met koorsagtige haas klouter hy daarin op, en daar gaan hy sit.

Die Luiperdman besef nou dat hy hier met iets groots en aakligs te doen het. Massavrees van hierdie aard het hy nog selde gesien. Hy was al in inboorlingstatte waar die inwoners gevlug het vir 'n mensvreterleeu. Maar dan het hulle net gevlug om uit die dier se pad te wees. Daar was nie hierdie verlammende, verblindende angs wat hy vandag hier gewaar nie. Hierdie is iets onbeskryfliks. Die mense sit asof hulle versteen is. As jy hulle so kyk, lyk dit asof hulle nooit weer sal roer nie. Asof hulle nooit weer uit daardie bome omlaag sal klim nie. Jy kry die indruk dat hulle liewer daar sal sit en sterf as om af te klim.

Hiervandaan kan die Luiperdman die gekras en die gewerskaf van die reuseswerm aasvoëls hoor. Hiervandaan kan hy hulle duideliker sien. Dit lyk asof die boomtakke onder hul gewig kan breek. Dit is 'n swart, krioelende massa.





Hy staal homself en hy beweeg weer vorentoe. Hy ry op 'n stappie tussen die bome deur. Feitlik in elke boom gewaar hy 'n paar inboorlinge hoog bo die grond, pateties in hul angs.

Hy ry tussen die aasvoëls in. Met 'n swaar gefladder en gesuis van vlerke, gee hulle vir hom pad en styg die lug in. Maar hy sien dat hy die hart van hierdie verskynsel nog nie bereik het nie.

Weldra bevind hy hom aan die kant van 'n tipiese inboorlingstat. Die netjiese ronde hutte staan soos byekorwe in kringe om die binneplaas, maar die stat is volkome verlate. Behalwe die aasvoëls en 'n paar hienas wat ewe manhaftig tussen die hutte deursluip, gewaar hy niks. Hier en daar is 'n rooi jakkals wat vinnig vlug wanneer hy hom gewaar.

Die Swart Luiperd sien iets onmiddellik raak. Die aasvoëls konsentreer nie juis op die binneplaas nie. Hulle konsentreer op allerhande plekke binne die stat. Toe begin hy met 'n aaklige en weersinwekkende ontdekkingsreis. Heel eerste kry hy die lyk van 'n jong pikkenien. Dit is nie meer 'n lyk nie. Dit is bloot net gebeente, verplunder en verskeur deur die krioelende aasvoëls.

Toe kom hy af op die grusame oorblyfsels van 'n volwasse vrou. Die tierende, woelende voëls het haar heen en weer deur die stof gesleep, en ook van haar is daar nie veel oor nie. Toe ontdek hy die een lyk na die ander. Hy trek van die een plek na die ander en die aasvoëls gee hom 'n duidelike aanduiding. Hy trek oor die binneplaas waar hy 'n stuk of twaalf lyke tel.

En toe kyk hy oor die stat uit. Op die saailande buite die stat gewaar hy ook aasvoëls. Hy ry daarheen en hy kry die lyke op 'n streep. Van die landerye af, tot in die stat. Hy tel agt stuks. Meesal volwasse vroue.

En toe hy klaar is, is hy verstom. Wie en wat het hierdie slagting aangerig? Hier het seker meer as twintig mense geval. Klein en groot, oud en jonk, mans en vroue. Die hutte is leeg. Die vure is dood. Daar is nie eens 'n bok, bees of 'n hond sigbaar nie.

Daardie verskrikte inboorling het gepraat van 'n leeu. Hy moet sy sinne kwyt wees want 'n leeu kan nie so 'n slagting aanrig nie. Hier moet tog immers van die stam se krygers gewees het. Hulle is tog bewapen. Hulle kon 'n leeu wat amok maak, binne 'n paar minute gedood het. Nee, 'n leeu kan dit nie wees nie. Dit laat

hy hom nie vertel nie. Hier moes iets anders plaasgevind het. Daardie inboorling wat van die leeu vertel, ly bepaald aan hallusinasies. Die skrik en die skok het hom so verbyster dat hy blykbaar nie mooi weet wat hy praat nie. En wie weet, dalk het sy vrou of sy kind hier gesterf.

Die Luiperdman ry terug na die stat. Hy kyk by 'n klomp hutte in om te sien of daar nie een oorgebly het wat hom kan vertel wat hier plaasgevind het nie. Een wat nog naasteby by sy positiewe is nie. Maar nie 'n enkele siel tref hy aan nie. Hulle is almal weg. Gevlug. Hy wonder wat van hulle geword het. Dié wat daar in die bome rondsit, is tog nie al die inwoners van die stat nie. Dit spreek vanself.

Die Swart Luiperd kyk deur die helder sonlig rond en hy luister na die suising van aasvoels se vlerke. Hy kyk na hul wrede vraatsug en hy wonder.

Toe ry hy terug na die landerye waar die grond sag en kaal is. Blykbaar was hulle besig om te plant toe die ramp hulle oorval het.

Dit is soos hy verwag het. Oral op die landerye wat vars geploeg is, staan mandjies en groot oop kalbasse met saad daarin. Daardie vroue was besig om te plant.

Hy klim van Donker se rug af en lei die hings oor die landerye. Hy loop van lyk tot lyk. Onmiddellik om die lyke is niks sigbaar nie want daar het die aasvoels alles doodgetrap.

Maar, toe hy verder gaan, kry hy die spoor. Die spoor van 'n groot leeu. 'n Kraagmannetjie moet dit wees, anders kan die spoor nie só lyk nie.

Hy kyk op en om hom heen. Dan was hier tog 'n leeu. Eén leeu? Was hy dan besete?

Hy soek verder en toe kry hy nog 'n spoor, en nog een. En nog een. Hy kyk verwese oor die landskap heen. Ses leeuspore het hy gesien. Ses leeus wat blykbaar besete was. Wat is hier aan die gang? Daar is sulke goed soos mensvreterleeus wat van tyd tot tyd deur honger gedryf word om inboorlinge onverhoeds aan te val, maar ses! Nee, dit kan nie wees nie. En tog is dit.
Hierdie een slaan hom volkome dronk. Iewers hoor hy 'n kind skreeu. Iewers hoor hy 'n grootmens skreeu. Angs vul die vallei en oor alles lê 'n sluier wat die geheim bedek.



## HOOFSTUK 2

Die Swart Luiperd staan 'n hele ruk daar in die son stil op die swartes se landerye net buite die stat. Hy kyk in alle rigtings maar hy kan selfs nie 'n aanduiding kry van wat die rede kan wees vir die bloedbad wat hy so pas aanskou het nie.

Maar die Swart Luiperd het 'n fyner waarnemingsvermoe en hy het 'n skerper gemoed as die normale mens. Daarom dring 'n indruk tot hom deur. Hy het ses leeuspore gesien en dit is opvallend dat ál ses die spore uit dieselfde rigting kom.

Hy begin sy omgewing betrag. Die bodem van die vallei is ruier as wat hy aanvanklik gemeen het. Bome en bosse strek tot aan die kant van die landerye maar daar na die suidwestekant in die vallei op is die bome die digste. En dit is dié rigting waaruit die leeuspore kom. Die Luiperdman kyk na die donker bosse en hy wonder. . .

Toe kyk hy verder oor die toneel. Die vallei slinger in 'n suidwestelike rigting. Hy weet self nie waarheen nie. Iewers op die groot vlaktes sal dit seker doodloop. Verder aan na die suidweste lê die hoe, ruie berg. Dit is die naaste berg in hierdie omgewing. Dit is steil en pragtig. In die helder daglig is dit wasig purper in die afstand. Dit is nie besonder ver nie. Hiervandaan kan die Luiperdman oordeel dat die omgewing van die berg veel ruier is as wat dit hierlangs is. Dit lyk vir hom geheimsinnig en indrukwekkend.

Hy lei Donker verder oor die geploegde land. Hy kyk weer na een van die leeuspore. Ja, dit kom sonder twyfel uit 'n suid-westelike rigting. Hy stap daarmee voort. Dit is tweede natuur by hom om 'n spoor te volg. Maar, naby die kant van die land gaan hy meteens staan. Hy word yskoud. Hy besef dat hy besig is om 'n gevaarlike ding te doen. Hy het hier ses leeuspore gekry. Hy wil nie graag met ses leeus slaags raak nie. Hy weet hoe om met 'n leeu te werk, maar ses! Dit is darem 'n perd van 'n ander kleur. Hy besluit om onmiddellik pad te gee. Hy is reeds te naby die ruigtes. Hy hou daar niks van nie.

Hy draai net om die teuels oor Donker se kop te gooi, toe Spikkels en Simson hom waarsku. Hulle gaan meteens aan die knor. Draf 'n entjie in die rigting van die ruigtes, en sit weer om.